# MEUBELS VAN PAPIER

C.H. Engelbrecht

Die negentiende eeu was 'n baie eksperimentele tydperk. Industrieë het soos paddastoele oral in Brittanje, Europa en Amerika opgeskiet en die massaproduksie van gebruiksartikels soos meubels het gaandeweg meer algemeen geword. In Brittanje was die geweldige uitbreiding van die meubel-industrie gedurende dié tydperk te danke aan die groter-wordende mark wat geskep is deur die opkomende middelstand, wat gedurig gesoek het na iets nuuts in 'n poging om 'n eie identiteit te vestig. Die gebruik van nuwe materiale vir die vervaardiging van meubels is voortdurend ondersoek en eksperimente met papier-maché of papierpulp, het interessante resultate opgelewer.

Papier-maché was egter nie 'n nuutjie nie. Dis lank tevore in die Ooste gebruik en reeds in die 18e eeu is 'n gebakte mengsel van papierpulp, gom en kalk gebruik vir die vervaardiging van klein artikels, soos prenterame en snuifdose.

Teen die einde van die 18e eeu het artikels van papier-maché belangrike produkte geword van die industriële dorpe Birmingham en Wolverhampton in Brittanje. Die groei in die industrie was te danke aan Henry Clay van Birmingham se uitvinding van 'n hittebestande paneel gelamineerde papier wat hy in 1772 gepatenteer het. Die raamwerk van 'n stoel is van yster gemaak, wat dan met papierpap bedek is. Nadat pik en olie daaroor gesmeer is, is dit tot 'n hoë temperatuur verhit en dan gelaat om af te koel. Die proses is herhaal tot die benodigde dikte papier verkry is. Die afwerking was 'n tipe vernis wat goed vergelyk met stoofemalje, en is dan versier met verguldsel en perlemoeninlegwerk. Die materiaal was so sterk dat selfs volledige slaapkamerstelle daarvan vervaardig is. Clay se werk het gewoonlik die merke "Clay Patent" met die afdruk van 'n kroon daarby, of "Clay, King Street, Covent Garden", gedra. Die metode was veral gewild vir die vervaardiging van geleentheidstafels en -stoele.

Toe Koningin Victoria in 1837 aan bewind gekom het, is papier-maché produkte in elke





*In die versameling van die Nasionale Museum, Bloemfontein, is hierdie naaldwerkhouer van papier-maché wat met fluweel aan die binnekant gevoer is.*

denkbare vorm vervaardig, van die kleinste knopie tot 'n klavier.



*Die middelste deel van die rugleuning en ruglat van die stoel is van papier-maché. Dit is met swart vernis afgewerk. Op die sporte en stoelpote is vergulde motiewe met perlemoeninlegwerk en op die rugleuning is gekleurde blommotiewe, ook met perlemoeninlegwerk. Onder die stoffering is die oorspronklike rottang sitplek.*

'n Ander Britse firma wat veral sedert die 1830's 'n toonaangewende vervaardiger van papier-maché produkte geword het, was Jennens & Betteridge. Joseph Betteridge het in 1841 ontdek dat die meubels se duursaamheid verbeter kon word deur die papier-maché met hout of yster te kombineer. Daar is eers 'n houtraam vervaardig wat in 'n droogoond gedroog en dan met 'n dik laag papier-maché bedek is. Die proses is veral gebruik in die vervaardiging van tafels en het papier-maché klaviere se resonansie aansienlik verbeter. In die geval van stoele is die pote met 'n houtraam versterk, terwyl die rugleunings gedeeltelik van papier-maché gemaak is. Baie van die stoele wat veral tussen 1870 en 1880 vervaardig is, het rottangsitplekke gehad.

Die meubels is afgewerk met 'n baie harde tipe vernis wat in die meeste gevalle swart was. Dit is dan versier met verguldsel, kleurvolle blommotiewe wat daarop geverf is, en perlemoeninlegwerk. Die styl waarin dit versier is, was tipies van die Victoriaanse tydperk. Die middelstand van die 19de eeu wou graag sy toenemende welvaart en belangrikheid vertoon en dit het gemanifesteer in onder andere oordadige en ietwat vulgêre versiering aan meubels.

Verbeterde vervoermiddels het meegebring dat papier-maché produkte op groot skaal uitgevoer is na Amerika, Portugal, Spanje en Indië. Die vervaardiging van papier-maché meubels het sy hoogtepunt in die 1860's bereik, waarna die aanvraag daarvoor begin afneem het. Teen die begin van die 20e eeu het die vervaardiging en gebruik daarvan doodgeloop.

Papier-maché produkte wat in algemene gebruik was toe hulle vervaardig is, is nou slegs interessanthede wat deur versamelaars vir hul versiering bewonder word. Dit is aangename herinneringe aan 'n styl en smaak wat in die vorige eeu mode was.



*Nog meubels in die Nasionale Museum se versameling is hierdie geleentheidstafeltjie. Die blad en pote is van papier-maché. Perlemoeninlegwerk en veelkleurige blommotiewe versier die blad.*

**BIBLIOGRAFIE**

KLEIN, Rosemary *(ed.)* 1976. *Encyclopedia of Antiques.* U.S.A. Galahad Books.

LIVESEY, A. 1979. *A treasury of world antiques.* London: Opium Books.

PHILLIPS, P. *(ed.)* 1983. *The Collector's Encyclopedia of Antiques.* Great Britain: BPC Publishers.

PRICE, Bernard. 1980. *The story of English furniture.* London: BBC.